

# Word inspeksiekar weer voor perde ingespan?

**’n Standaardbedryfsprosedure waaroor die staat en die betrokke bedrywe ooreengekom het, is noodsaaklik voordat die staat ’n gevolmagtigde kan aanstel om inspeksies uit voer.**

Ná die beslissing van die appèlraad in Desember 2021 oor inspeksietariewe vir die opbergingsektor het die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling belanghebbendes in die graan- en oliesadesektor genooi om voor einde Januarie 2022 insette oor ’n gewysigde standaardbedryfsprosedure (SBP) te maak.

Agbiz Grain meen die gradering van graan en oliesade, vir handelsdoeleindes soos vereis deur die Wet op Landbouprodukte (Wet 47 van 1996), word sedert deregulering voldoende selfgereguleer sonder onnodige koste vir almal vanaf die produsent tot eindverbruiker.

Agbiz Grain het tydens die appèlverhoor beswaar gemaak dat nie met die sektore oor die SBP ooreengekom is voordat Leaf Services die inspeksietariewe bepaal het nie. ’n Gevolmagtigde kan nie sonder ’n ooreengekome SBP tussen die departement en belanghebbendes inspeksietariewe na willekeur bereken nie.

’n SBP wat deur produsente, opbergers, verwerkers en verbruikers aanvaar word en toepaslik vir die graan- en oliesadesektor is, is ’n belangrike brondokument vir die diensleweringsooreenkoms tussen die departement en die gevolmagtigde (Leaf Services). Daarsonder behoort ’n gevolmagtigde nie aangestel te word nie.

Agbiz Grain is bevrees dat die departement weer die kar voor die perde inspan sonder om met die belanghebbende partye te konsulteer. Die appèlraad het in ’n aanbeveling aan die direkteur-generaal van die departement dit duidelik gestel dat die appèlprosedure onvoldoende is om die appèlaansoeke vir dié tipe sake doeltreffend te hanteer. Tans word voorsiening gemaak vir drie weke van die registrasie van ’n appèl tot die appèlverhoor. Dit was nie moontlik om sonder die gunstige samewerking van die aansoekers om appèl die vorige saak binne ses maande af te handel nie.

## REGVERDIGE PROSES

’n Regverdige proses waarvan die finalisering van ’n SBP deel vorm, moet sekerlik aan die vereistes van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (Wet 3 van 2000) voldoen. Agbiz Grain meen ’n toepaslike en voldoende appèlprosedure moet deel van die proses uitmaak. Die eerste stap sou dus wees dat die departement seker maak van ’n prosedure waarvolgens moontlike appèlle aangehoor kan word voordat sektore opnuut om insette genader word.

Daar is reeds ’n vertrouensbreuk tussen die departement en die graan- en oliesadesektor. Om die geskende vertroue te herstel, moet die departement bewys dat dit in belang van die onderskeie sektore en die verbruiker handel.

Die SBP waarop die departement dringend insette verlang, het ten doel om die risikoprofiel te bepaal van elkeen wat graan, oliesade en graanprodukte gradeer, en dit vir handeldrywende doeleindes opberg en hanteer om te verseker dat voldoen word aan die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990).

Die graan- en oliesadesektor – insluitende die eindverbruiker – het aangedui dat die regulasies voldoende toegepas word en dat die koste om dit nou te begin reguleer, nie geregverdig kan word nie.

Die departement verlang verder insette om riglyne daar te stel waarvolgens die gevolmagtigde (Leaf Services) inspeksies van graan, oliesade en graanprodukte uitvoer.

Die oorspronklike SBP het bepaal dat die departement en die onderskeie sektore sal ooreenkom oor die frekwensie van inspeksies. Die gewysigde SBP stel dit duidelik dat die gevolmagtigde die frekwensie van inspeksies voorstel.

’n Werkbare ooreenkoms tussen die departement en belanghebbendes in die bedryf is dus nie meer ’n vereiste nie. Dit is onaanvaarbaar. Die SBP behoort tussen die departement en die graan- en oliesadebedryf ooreengekom te word, en nie met die gevolmagtigde nie.

Dit is ook onaanvaarbaar dat die SBP gewysig word sodat inspeksies nie meer uitgevoer word met volle inagneming van die ooreengekome diensooreenkoms nie.

Die oorspronklike SBP bepaal dat dit gesamentlik hersien kan word deur die lede van die graan-, oliesade- en graanprodukbedryf, en die relevante kommoditeitsforums. Hulle het nog nie die behoefte gehad om die SBP te hersien of ’n gevolmagtigde se inspeksiedienste aan te vra nie.

Die voorgestelde SBP bepaal dat die departement en die gevolmagtigde nou deel moet vorm van die proses wanneer die SBP hersien sou word. Dit is verkeerd. Die departement en sy gevolmagtigde moet die proses objektief en neutraal fasiliteer waar die behoefte aan inspeksiedienste bestaan.

Die toenemende regulatoriese las en gepaardgaande koste op die graanwaardeketting en eindverbruiker deur die departement en sy gevolmagtigdes (ondernemings met winsoogmerk) is nooit beoordeel nie. Die voordele van inspeksies moet die koste daaraan oorskry voordat dit toegepas kan word.

OESO-lande beoordeel die impak en koste van regulatoriese ingryping vooraf. Dit is soveel meer nodig in Suid-Afrika waar goedkoop kos nodig is vir nasionale sekuriteit. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*